# Geroep om te dien



*Hulp uit die Skrif vir versorgers*

# Geroep om te dien

*Hulp uit die Skrif vir versorgers*

Uitgegee en versprei deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
**www.bybelgenootskap.co.za**

BibleSA.co.za
BibleSA
**Laai ons Bybel-apps hier af.**

**Geroep om te dien**

Eerste digitale uitgawe 2022

Bybelteks: Die Bybel in Afrikaans 2020-vertaling © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2020

© Bybelgenootskap van Suid-Afrika 2022

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die kopiereghouer gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel van inligtingsbewaring en -ontsluiting.

Uitgegee deur die Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Posbus 5500, Tygervallei 7536, Bellville

www.bybelgenootskap.co.za

| | |
|---|---|
| Epub-format | ISBN 978-0-7982-2478-9 |
| Mobi-format | ISBN 978-0-7982-2479-6 |
| PDF-format | ISBN 978-0-7982-2480-2 |

# Inhoud


| | | |
|---|---|---|
| | Inleiding | 4 |
| 1 | Versorging as 'n roeping | 5 |
| 2 | Versorging as navolging van die belangrikste gebod | 7 |
| 3 | God is die bron van alle versorging | 9 |
| 4 | Die gewonde geneser | 11 |
| 5 | Houding | 13 |
| 6 | Bemoediging uit die Skrif | 14 |
| 7 | Die Heilige Gees en jou versorging van mense | 15 |
| 8 | Die gawe van versorging | 16 |
| 9 | Die beloning vir versorging | 18 |
| 10 | Versorgers is geseënd | 20 |
| 11 | Versorging en verhoudings | 22 |
| 12 | Uitbranding by versorgers | 24 |
| 13 | Tyd om jou los te maak en aan te beweeg | 26 |
| 14 | Herstel van versorgers | 29 |
| 15 | Deursettingsvermoë | 30 |
| 16 | Negatiewe reaksie teenoor jou werk | 31 |
| 17 | Skuld en vergifnis | 32 |
| 18 | Om lyding te aanskou | 34 |
| 19 | Om deur lyding te groei | 37 |
| 20 | Vreugde en vrede | 38 |
| 21 | Gebed | 39 |
| 22 | Getrouheid | 41 |
| 23 | Wysheid | 42 |
| 24 | Veilig in God se teenwoordigheid | 44 |
| 25 | Uitnodiging om by God tot rus te kom | 46 |
| 26 | Gedagtes | 48 |
| 27 | Handves vir versorgers | 49 |
| 28 | Gebed vir versorgers | 50 |
| 29 | Liefde bo alles | 51 |
| 30 | Blik op die ewigheid | 53 |



# Inleiding

*Die versorging van mense is 'n baie bevredigende roeping wat jou as versorger diep kan raak en 'n ander dimensie aan jou lewe kan gee. Dit kan egter ook uitputtend wees aangesien ons met soveel siekte en lyding gekonfronteer word, byvoorbeeld mense met MIV/vigs, kankerlyers, bejaardes en mense wat terminaal siek is. Die Woord van God bied hoop, bemoediging en perspektief aan jou as versorger. Ons vertrou dat hierdie Skrifgedeeltes jou sal aanmoedig om geestelik te groei en in die proses jou eie geloof te verdiep. Die lewegewende woorde is van toepassing op versorgers uit alle oorde, van gewone mense wat 'n familielid versorg, tot ongeskoolde en professionele werkers sowel as opgeleide raadgewers en terapeute wat ondersteuning en berading gee.*

*Hierdie boekie bevat dertig temas met toepaslike Skrifgedeeltes wat verskillende aspekte van versorging belig. Elke tema word afgesluit met vrae vir nadenke wat jou sal help om die Skrif te bestudeer en die boodskap op jou lewe en jou taak as versorger toe te pas. Jy kan een tema per dag lees en die boekie as 'n reeks oordenkings gebruik vir een maand of dit kan weekliks by groepbesprekings soos gebedsbyeenkomste vir versorgers by die instansie waar jy werksaam is, gebruik word.*

*Mag jou versorging van ander 'n kanaal wees vir God se liefde en medelye.*





# Versorging as 'n roeping

*Deur die Heilige Gees het Christus die Goeie Nuus aan die verdruktes, die gebrokenes van hart, gevangenes en dié wat treur, verkondig.*

Die Gees van my Heer,
  die HERE is op my,
  omdat die HERE my gesalf het.
Hy het my gestuur
  om 'n goeie boodskap te bring
  aan magteloses,
  om dié met gebroke harte
  se wonde te verbind,
  om dié wat weggevoer is
  se vrylating aan te kondig
  en bevryding vir dié wat geboei is,
  om die genadejaar
  van die HERE aan te kondig,
  ons God se dag van wraak,
  om almal wat rou, te troos,
  om te voorsien vir hulle
  wat oor Sion rou,
  om vir hulle tulbande te gee
  in plaas van stof,
  vreugde-olie in plaas van rou,
  klere vir lofprysing
  in plaas van 'n verslae gees.
Hulle sal genoem word:
terebinte van geregtigheid,
  geplant deur die HERE
  om Hom te verheerlik.

Hulle sal die oeroue puinhope herbou,
  die verwoeste plekke van vroeër weer oprig,
dorpe wat in puin lê,
  wat geslagte lank verwoes is,
  sal hulle nuut maak.

*Jesaja 61:1-4*



*Christus doen 'n beroep ook op ons om 'n helpende hand te reik aan diegene in nood.*

Dra mekaar se laste, en vervul so die wet van Christus.

*Galasiërs 6:2*

**Vir verdere nabetragting:**

- Hoe het God jou geroep tot 'n versorgingsbediening?
- Maak 'n lys van maniere waarop jy bogenoemde Skrifverwysings kan toepas op die tipe versorging wat jy doen.
- Hoe kan jy jou roeping as versorger herbevestig?

**Persoonlike aantekeninge:**

# Versorging as navolging van die belangrikste gebod

*Die belangrikste gebod gaan oor die liefde – liefde vir God en liefde vir ons naaste.*

Een van die skrifkenners wat hulle hoor redeneer het, het nader gekom. Toe hy sien dat Jesus hulle goed geantwoord het, vra hy Hom: “Watter gebod is die belangrikste van almal?” Jesus het geantwoord: “Die eerste is, ‘Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag’. Die tweede is dit, ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ Geen ander gebod is belangriker as dié nie.”

*Markus 12:28-31*

*Jesus het die belangrikste gebod verduidelik aan die hand van hierdie verhaal waar iemand ’n persoon in nood help en versorg:*

En kyk, ’n sekere wetskenner het opgestaan om Jesus te toets en Hom gevra: “Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te erf?” Jesus sê toe vir hom: “Wat staan in die Wet geskryf? Wat lees jy daar?” Hy het geantwoord: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.” “Jy het reg geantwoord,” het Jesus vir hom gesê. “Doen dit, en jy sal leef!” Maar hy wou homself regverdig, en het toe vir Jesus gevra: “En wie is my naaste?”

Hierop het Jesus geantwoord: “’n Man het van Jerusalem afgegaan na Jerigo, en is deur rowers oorval. Hulle het sy klere uitgetrek, hom geslaan en toe weggegaan, en hom half dood agtergelaat. ’n Priester het onvoorsiens met daardie pad langs afgegaan en toe hy hom sien, het hy aan die ander kant verbygegaan. En net so het ook ’n Leviet by die plek aangekom, en toe hy hom sien, het ook hy aan die ander kant verbygegaan. Maar ’n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom; en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry. Hy het na hom gegaan, sy wonde verbind en olyfolie en wyn daaroor gegiet. Toe help hy hom op sy eie rydier, neem hom na ’n herberg en versorg

hom daar. Die volgende oggend haal hy twee denarius uit, gee dit vir die herbergier en sê, ‘Versorg hom, en wat jy ook al bestee, sal ek jou betaal wanneer ek terugkom.’ Wie van hierdie drie, dink jy, was ’n naaste vir die man wat deur die rowers oorval is?” En hy het geantwoord: “Die een wat ontferming aan hom betoon het.” Toe sê Jesus vir hom: “Gaan maak jy ook so.”

*Lukas 10:25-37*

**Vir verdere nabetragting:**

- Maak ’n lysie van maniere waar versorging neerkom op die uitleef van die belangrikste gebod.
- Die Samaritane is deur die Jode verafsku. In hierdie gelykenis van Jesus help ’n Samaritaan ’n gewonde Jood. Wat beteken dit vir jou as versorger?
- Wat kan jy doen om die geestelike betekenis van die versorging wat jy in jou navolging van die belangrikste gebod bied, te verdiep?

**Persoonlike aantekeninge:**

# God is die bron van alle versorging

*Versorging beteken om te vertroos – om jou daarop toe te lê om 'n ander se lyding fisiek, emosioneel of geestelik te verlig. Die Bybel gee baie aandag hieraan, en veral aan God wat sy mense vertroos, of iemand opdrag gee om hulle te vertroos.*

"Troos, troos my volk!"
sê julle God.
"Praat mooi met Jerusalem!
Roep haar toe dat haar
gedwonge arbeid voltooi is,
dat haar skuld afbetaal is!
Ja, sy het uit die hand van die HERE
'n dubbele straf ontvang
vir al haar sondes."

*Jesaja 40:1-2*

Jubel, hemel, en juig, aarde!
Breek uit in jubelkrete, berge!
Want die HERE het sy volk getroos,
Hom oor sy magteloses ontferm.

"Sion het gesê,
'Die HERE het my verlaat,
my Heer het my vergeet.'
Kan 'n vrou haar suigeling vergeet,
haar nie ontferm
oor die seun van haar
moederskoot nie?
Selfs al sou hulle vergeet,
Ek, ja, Ek sal jou nie vergeet nie.
Kyk, op twee handpalms
het Ek jou ingegrif;
jou stadsmure is steeds voor My.
Jou kinders kom gou.
Hulle wat jou afgebreek het,
'n puinhoop van jou gemaak het,

hulle trek uit jou uit.
Kyk oral rond en sien:
Hulle almal kom byeen,
hulle kom na jou toe.
So seker as wat Ek leef,"
is die uitspraak van die HERE,
"jy sal hulle almal dra soos juwele,
soos 'n bruid sal jy hulle omhang."

*Jesaja 49:13-18*

*In sy tweede brief aan die kerk in Korinthe verduidelik die apostel Paulus waar ons troos vandaan kom asook ons vermoë om ander te vertroos.*

Lofwaardig is die God en Vader van ons Here Jesus Christus, die Vader van barmhartigheid en God van alle bemoediging! Hy bemoedig ons in al ons verdrukkings, sodat ons hulle wat in allerhande verdrukkings verkeer, kan bemoedig met die bemoediging waarmee ons self deur God bemoedig word; want net soos Christus se lyding oorvloedig oor ons kom, so is ook ons bemoediging oorvloedig deur Christus. As ons dan verdruk word, is dit ter wille van julle bemoediging en redding; as ons bemoedig word, is dit ter wille van julle bemoediging, wat tot uitdrukking kom deurdat julle met volharding dieselfde lyding verduur as wat ons deurmaak. Ons hoop vir julle is seker, omdat ons weet dat, soos julle deel het aan die lyding, julle ook so deel het aan die bemoediging.

*2 Korinthiërs 1:3-7*

**Vir verdere nabetragting:**

- Het jy al ooit gewonder hoe jy kan voortgaan om versorging te bied wanneer jou liggaamlike en geestelike krag totaal uitgeput is? Onthou jy tye soos hierdie toe God jou vertroos en in staat gestel het om voort te gaan om vertroosting te bied aan diegene wat jy versorg?
- Maak 'n lysie van dinge wat jou daaraan kan herinner dat God uiteindelik die bron van alle vertroosting is.
- Hoe kan jy God se liefde deel in jou versorging van mense?



4

# Die gewonde geneser

*In Jesaja se profesie oor die lydende dienskneg van God lees ons hierdie ontroerende beskrywing van die gewonde dienskneg wat ander genees ten spyte van sy eie pyn en lyding.*

Hy het soos 'n jong loot
voor Hom opgegroei,
soos 'n wortelstok uit droë grond.
Hy het nie 'n gestalte gehad,
geen glans,
dat ons na hom sou kyk nie,
nie 'n goeie voorkoms,
dat ons hom sou begeer nie.
Hy is verag, deur mense verlaat,
'n mens van smarte,
bekend met siekte,
soos iemand vir wie 'n mens
jou gesig verberg.
Hy is verag,
en ons het hom nie geag nie.
Nogtans, ons siektes,
hy het dit gedra,
en ons smarte,
hy het dit op hom gelaai.
Maar ons het hom beskou
as iemand wat gekasty word,
geslaan deur God, en verneder.
Hy is egter deurboor
oor ons oortredings,
verbrysel oor ons sondeskuld.
Die straf wat ons vrede bewerk,
was op hom,
en deur sy wonde is daar
vir ons genesing.

*Jesaja 53:2-5*



**Vir verdere nabetragting:**

- Kan jy jou vereenselwig met die "gewonde geneser" in jou versorging van mense?
- Is jy al as 'n versorger "gewond"?
- Indien wel, op watter manier dink jy kan die "gewonde geneser" jou genees?

**Persoonlike aantekeninge:**

# Houding

*As Christene is daar 'n appèl op ons om dieselfde houding as Jesus aan die dag te lê.*

Laat dan die gesindheid wat daar in Christus Jesus was, ook in julle wees:

Hoewel Hy in die gestalte van God was,
het Hy gelykheid aan God nie beskou as iets
om aan vas te klem nie,
maar Hy het Homself daarvan leeggemaak,
deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem
en aan mense gelyk te word.
En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het,
het Hy Homself verneder,
deurdat Hy gehoorsaam
geword het tot die dood toe,
ja, die dood aand die kruis.

Daarom het God Hom
ook uitermate verhoog
en aan Hom die Naam geskenk
wat bo elke naam is,
sodat in die Naam van Jesus
elke knie sal buig –
van diegene in die hemel
en op die aarde
en onder die aarde –
en elke tong sal bely,
"Jesus Christus is die Here!"
tot eer van God die Vader.

*Filippense 2:5-11*

**Vir verdere nabetragting:**

- Wat leer ons oor Jesus se benadering uit hierdie gedeelte?
- Maak 'n lysie van maniere hoe jy "die gesindheid wat daar in Christus Jesus was" in jou versorging van mense kan uitleef.

6

# Bemoediging uit die Skrif

*Die Bybel bevat talle woorde van bemoediging aan dié wat daarvoor gaan soek. Na Moses se dood praat God met Josua vir wie Hy gekies het om die Israeliete in die beloofde land Kanaän in te lei. In die volgende gedeelte lees ons God se woorde van bemoediging aan Josua:*

"Wees dapper en sterk, want jy moet hierdie volk die land in besit laat neem wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee. Wees net baie dapper en sterk, sodat jy die hele wet wat Moses, my dienskneg, jou beveel het, nougeset uitvoer. Moenie links of regs daarvan afwyk nie, sodat jy sukses kan behaal oral waar jy gaan. Hierdie boekrol van die wet mag nie uit jou mond verdwyn nie. Jy moet dit dag en nag mymerend prewel, sodat jy alles wat daarin geskryf is, nougeset kan nakom; want dan sal jy voorspoedig wees op jou pad; dan sal jy sukses behaal. Het Ek jou nie beveel, 'Wees dapper en sterk' nie? Moenie paniekbevange wees nie en moet jou nie laat afskrik nie, want die HERE jou God is by jou, oral waar jy gaan."

*Josua 1:6-9*

Alles wat vroeër opgeteken is, is tog vir ons tot lering opgeteken, sodat ons hoop kan hê deur die volharding en die bemoediging wat ons uit die Skrif ontvang.

*Romeine 15:4*

**Vir verdere nabetragting:**

- Onthou jy 'n tyd toe jy deur die Skrif bemoedig is?
- Na aanleiding van wat God aan Josua gesê het, hoe skakel gehoorsaamheid met die bemoediging wat die Bybel ons bied?
- Watter rol kan die Bybel speel om jou "dapper en sterk" te maak in jou versorging van mense?

7

# Die Heilige Gees en jou versorging van mense

*Jesus het sy dissipels belowe dat die Vader die Heilige Gees aan hulle sou stuur:*

"As julle My liefhet, sal julle my gebooie onderhou. En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Parakleet gee, sodat Hy vir ewig by julle kan wees. Hy is die Gees van die waarheid, wat die wêreld nie kan ontvang nie, omdat die wêreld Hom nie sien nie en ook nie ken nie. Julle ken Hom egter, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees. Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe. Nog 'n kort tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie; maar julle sien My, omdat Ek leef en julle sal leef. Op daardie dag sal julle weet: Ek is in my Vader, en julle in My en Ek in julle. Wie my gebooie het en dit onderhou, hy is die een wat My liefhet. En wie My liefhet, my Vader sal hom liefhê, en Ek sal hom liefhê en Myself aan hom bekend maak."

*Johannes 14:15-21*

**Vir verdere nabetragting:**

- Maak 'n lysie van die maniere waarop die Heilige Gees jou in jou bediening as versorger kan help.
- Kan jy aan 'n tyd dink toe jy daarvan bewus was dat die Heilige Gees jou in jou versorging van mense bygestaan het?
- Hoe kan jy meer ontvanklik wees vir die leiding van die Heilige Gees in jou versorgingswerk?

**Persoonlike aantekeninge:**

8

# Die gawe van versorging

*Ons het reeds genoem dat versorging 'n roeping is. Die Bybel leer ons dat God mense toerus met geestelike gawes en vermoëns om hulle in staat te stel om hulle roeping te vervul.*

Deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle dat jy nie meer van jouself moet dink as wat jy behoort nie, maar dat jy jou gedagtes daarop moet instel om verstandig te wees, volgens die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het. Want soos ons baie ledemate in een liggaam het, en nie al die ledemate dieselfde funksie vervul nie, net so is ons, al is ons baie, een liggaam in Christus, en individueel lede van mekaar. Ons het gawes wat van mekaar verskil, volgens die genade wat aan ons gegee is:

As dit die gawe van profesie is,
beoefen dit dan
in ooreenstemming
met die geloof;
as dit is om ander te dien,
gebruik dit dan vir dienswerk.
Wie onderrig kan gee,
moet onderrig;
wie kan bemoedig,
moet bemoediging gee;
wie mededeelsaam kan wees,
moet dit met opregtheid doen;
wie leiding kan gee,
moet dit met toewyding doen;
wie barmhartigheid kan betoon,
moet dit met blydskap doen.

*Romeine 12:3-8*

Om hierdie rede herinner ek jou om die genadegawe van God, wat in jou is, deurdat ek jou die hande opgelê het, opnuut aan te vuur. God het ons tog nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.

*2 Timoteus 1:6-7*



**Vir verdere nabetragting:**

- Herken jy enige van die gawes wat in die Bybel genoem word in jou eie lewe? Indien wel, watter?
- Tot wie se voordeel het jy hierdie gawe of gawes ontvang?
- Hoe kan jy ten volle gebruik maak van die gawe wat God jou gee?
- Is jy soms bang om jou gawe of gawes uit te leef? Watter bemoediging vind jy in die tweede Skrifgedeelte?

**Persoonlike aantekeninge:**

9

# Die beloning vir versorging

*Toe Jesus gepraat het van die oordeelsdag waarop Hy die mense van alle nasies sou oordeel, het Hy ook gepraat oor die beloning wat dié wat siekes versorg het, toekom.*

“Wanneer die Seun van die Mens in sy heerlikheid kom, en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy glansryke troon gaan sit. Al die nasies sal voor Hom byeengebring word, en Hy sal hulle van mekaar skei soos ’n herder die skape van die bokke skei. Die skape sal Hy aan sy regterhand laat staan en die bokke aan sy linkerhand. Dan sal die Koning vir dié aan sy regterhand sê, ‘Julle, geseëndes van my Vader, kom beërf die koninkryk, wat vir julle gereedgemaak is van die grondlegging van die wêreld af. Want Ek was honger, en julle het vir My iets te ete gegee; Ek was dors, en julle het vir My iets te drinke gegee; Ek was ’n vreemdeling, en julle het My as ’n gas verwelkom; Ek was nakend, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My versorg; Ek was in die tronk, en julle het My besoek.’ Dan sal die regverdiges Hom antwoord, ‘Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed, of dors en iets te drinke gegee? En wanneer het ons U as ’n vreemdeling gesien, en as gas verwelkom, of nakend, en U geklee? En wanneer het ons U siek of in die tronk gesien, en U besoek?’ Maar die Koning sal vir hulle sê, ‘Amen, Ek sê vir julle: Wat julle ook al vir een van hierdie geringste broers van My gedoen het, het julle vir My gedoen.’

“Dan sal Hy vir dié aan sy linkerhand sê, ‘Gaan weg van My, julle vervloektes, in die ewige vuur, wat gereedgemaak is vir die Duiwel en sy engele. Want Ek was honger, en julle het My nie iets te ete gegee nie, dors, en julle het My nie iets te drinke gegee nie. Ek was ’n vreemdeling, en julle het My nie as gas verwelkom nie, nakend, en julle het My nie geklee nie, siek en in die tronk, en julle het My nie besoek nie.’ Dan sal hulle antwoord, ‘Here, wanneer het ons U honger gesien, of dors, of as ’n vreemdeling, of nakend, of siek, of in die tronk, en U nie versorg nie?’ Dan sal Hy hulle antwoord, ‘Amen, Ek sê vir julle: Wat julle vir een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle ook nie vir My gedoen nie.’ Hierdie mense sal weggaan na die ewige straf, maar die regverdiges na die ewige lewe.”

*Matteus 25:31-46*

**Vir verdere nabetragting:**

- Watter beloning sal dié wat die Here behaag ontvang deur o.a. die siekes te versorg? Hoekom sal hulle op hierdie wyse beloon word?
- Wat beteken dit vir jou om "die koninkryk, wat vir julle gereedgemaak is van die grondlegging van die wêreld af" te ontvang?
- Jesus sê dat wat jy ook al vir enige van sy mense doen, doen jy vir Hom, al lyk dit hoe gering. Hoe beïnvloed die feit dat jy dit weet jou versorging van mense?
- Watter beloning (fisiek, emosioneel, verhoudingsgewys en geestelik) het jy alreeds deur jou werk as versorger ontvang?

**Persoonlike aantekeninge:**

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

# 10

# Versorgers is geseënd

*Uit die die Skrif leer ons dat God dié wat ander versorg, seën.*

Gelukkig is die mens
  wat die hulpelose in ag neem;
op die dag van onheil
  sal die HERE hom laat ontkom.
Die HERE sal hom beskerm
  en in die lewe hou;
hy sal gelukkig genoem word
  in die land.
U moet hom nie uitlewer
  aan die begeerte van sy vyande nie.
Die HERE sal hom ondersteun
  op sy siekbed.
Waar hy ook al siek lê,
  maak U hom gesond.

*Psalm 41:2-4*

Hy het gaan sit, en sy dissipels het na Hom gekom.
  Hy het begin praat en hulle geleer en gesê:
  "Gelukkig is die armes van gees,
    want aan hulle behoort
    die koninkryk van die hemele.
  Gelukkig is dié wat treur,
    want hulle sal vertroos word.
  Gelukkig is die sagmoediges,
    want hulle sal die aarde erf.
  Gelukkig is dié wat honger en dors na geregtigheid,
    want hulle sal versadig word.
  Gelukkig is die barmhartiges,
    want hulle sal barmhartigheid ontvang.
  Gelukkig is dié wat suiwer van hart is,
    want hulle sal God sien.
  Gelukkig is die vredemakers,
    want hulle sal kinders van God genoem word.
  Gelukkig is dié wat vervolg word
    ter wille van geregtigheid,



want aan hulle behoort
die koninkryk van die hemele.
Gelukkig is julle wanneer die mense julle om My ontwil
beledig en vervolg en vals beskuldig van alles wat sleg is.
Wees bly en jubel, omdat julle beloning groot is in die hemele.
Hulle het immers die profete vóór julle net so vervolg."

*Matteus 5:1b-12*

**Vir verdere nabetragting:**

- Wat dink jy beteken dit wanneer die Bybel sê God seën iemand?
- Jesus sê: "Gelukkig is die barmhartiges." Na watter spesiale seëning verwys Hy vir sulke mense? Hoe is dit van toepassing op versorging?
- Maak 'n lysie van ander maniere waarop jy as 'n versorger God se seën kan ervaar.

**Persoonlike aantekeninge:**

**11**

# Versorging en verhoudings

*In ʼn gebroke wêreld werk verhoudings soms nie uit soos ons gehoop het nie. In Handelinge lees ons van Barnabas wie se naam "Seun van Vertroosting" beteken (Handelinge 4:36). Dis hy wat vir Paulus (toe nog Saulus) onder sy vlerk geneem het aan die begin van sy bediening:*

Barnabas het hom egter gaan haal en na die apostels geneem, en vir hulle vertel hoe hy op die pad die Here gesien het, dat Hy met hom gepraat het en hoe hy in Damaskus met vrymoedigheid in die Naam van Jesus gepreek het.

*Handelinge 9:27*

*Later lees ons hoe hulle paaie geskei het:*

ʼn Paar dae later het Paulus aan Barnabas gesê: "Kom ons gaan terug en besoek die broers in elke dorp waar ons die woord van die Here verkondig het, en gaan kyk hoe dit met hulle gaan." Barnabas wou ook Johannes, bekend as Markus, saamneem, maar Paulus het nie gedink dat dit reg is om die man saam te neem wat hulle by Pamfilië in die steek gelaat en hulle nie vir die werk vergesel het nie. Daar het toe so ʼn skerp meningsverskil tussen hulle ontstaan dat hulle uitmekaar gegaan het. Barnabas het vir Markus saamgeneem en na Ciprus gevaar. Paulus het vir Silas gekies en het vertrek, nadat hulle deur die broers aan die genade van die Here opgedra is. Hy het deur Sirië en Silisië gereis en die gemeentes daar versterk.

*Handelinge 15:36-40*

*Die Bybel doen egter ʼn beroep op ons om ons bes te doen om verhoudings in ʼn gees van liefde te herstel.*

Daarom, omdat julle God se uitverkore heiliges en geliefdes is, beklee julleself met innige meelewing, goedheid, nederigheid, sagmoedigheid en geduld. Verdra mekaar en, as enigiemand ʼn klagte teen iemand anders het, vergewe mekaar. Soos die Here julle vergewe het, so moet julle ook vergewe. Maar beklee julle,

bo en behalwe al hierdie dinge, met die liefde, wat die band is wat alles volmaak saambind. Verder, laat die vrede van Christus in julle harte regeer.

*Kolossense 3:12-15a*

**Vir verdere nabetragting:**

- Watter verhoudings het die grootste invloed op jou sorggewing?
- Het iemand jou al ooit onder sy of haar vlerk geneem soos Barnabas met Paulus gedoen het? Is daar iemand – dalk 'n medeversorger – wat hulp nodig het en wat jy onder jou vlerk kan neem?
- Watter riglyne vir gesonde verhoudings kan ons uit die Bybel neem?
- Is daar enige verhoudings wat jy moet herstel? Is daar iemand wat jy moet vergewe?

**Persoonlike aantekeninge:**



12

# Uitbranding by versorgers

*Die Skrif verstaan dat elkeen van ons soms aan die einde van ons kragte kom en lus voel om tou op te gooi soos Elia gedoen het toe die bose koningin Isebel hom met die dood gedreig het. In tye soos hierdie het ons die versekering dat God verstaan, dat Hy ons genadig is en ons kragte sal herstel.*

Hy het bang geword, gereedgemaak en uit vrees vir sy lewe padgegee. Toe hy in Berseba, wat aan Juda behoort, aankom, het hy sy dienaar daar agtergelaat.

Hy self het egter die woestyn in gegaan, ’n dagreis ver. Daar aangekom, het hy onder ’n witbesembos gaan sit en gevra dat sy lewe tot ’n einde moet kom. Hy het gesê: “Dit is nou genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is nie beter as my voorouers nie.” Hy het gaan lê en aan die slaap geraak onder die enkele witbesembos.

Skielik was daar ’n engel wat hom aanraak en vir hom sê: “Staan op, eet!” Toe hy rondkyk, is daar sowaar by sy kop ’n roosterkoek op gloeiende kole gebak en ’n fles met water. Hy het geëet en gedrink en weer gaan lê. Maar die engel van die Here het ’n tweede keer teruggekom, hom aangeraak en gesê: “Staan op, eet! Want die reis gaan vir jou te veeleisend wees.” Hy het toe opgestaan, geëet en gedrink. Met die krag van daardie voedsel het hy veertig dae en veertig nagte geloop, tot by Horeb, die berg van God.

*1 Konings 19:3-8*

Terwyl ons dan ’n groot Hoëpriester het wat deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons styf vashou aan ons belydenis. Want ons het nie ’n Hoëpriester wat nie medelye met ons swakhede kan hê nie, maar Een wat, soos ons, in alle opsigte versoek is, en dit sonder dat Hy gesondig het. Laat ons dan met vrymoedigheid die troon van genade nader, sodat ons ontferming en genade kan ontvang om op die regte tyd gehelp te word.

*Hebreërs 4:14-16*



**Vir verdere nabetragting:**

- Het jy al ooit gevoel asof jy aan uitbranding ly? Of het jy reeds uitbranding ervaar? Wat was die oorsaak?
- Hoe kan jy jou teen uitbranding bestand maak?
- Jesus verstaan jou swaarkry en jou stryd. Wat kan jy vandag aan sy voete lê?

**Persoonlike aantekeninge:**

# 13

# Tyd om jou los te maak en aan te beweeg

*Uit die Skrif leer ons dat dit wys is om te weet wanneer om te omhels en wanneer om afskeid te neem, wanneer om aan te hou soek, en wanneer om te aanvaar dat iets verlore is, wanneer om vas te hou en wanneer om te laat gaan.*

Vir alles is daar'n vasgestelde tyd;
daar is 'n tyd vir elke saak
onder die hemel:
'n tyd om geboorte te gee
en 'n tyd om te sterf;
'n tyd om te plant
en 'n tyd om uit te trek
wat geplant is;
'n tyd om 'n lewe te neem
en 'n tyd om te genees;
'n tyd om af te breek
en 'n tyd om op te bou;
'n tyd om te huil
en 'n tyd om te lag;
'n tyd om te rou
en 'n tyd om te dans;
'n tyd om klippe weg te gooi
en 'n tyd om klippe
bymekaar te maak;
'n tyd om te omhels
en 'n tyd om ver te wees
van omhelsing;
'n tyd om te soek
en 'n tyd om te laat wegraak;
'n tyd om te bewaar
en 'n tyd om weg te gooi;
'n tyd om te skeur
en 'n tyd om toe te werk;
'n tyd om stil te bly
en 'n tyd om te praat;

’n tyd om lief te hê
  en ’n tyd om te haat;
’n tyd van oorlog
  en ’n tyd van vrede.
Watter voordeel het die een
  wat werk van dit waarmee
  hy hom afsloof?

Ek het die taak gesien
  wat God aan mense gegee het
  om hulle mee te belas.
Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd.
Hy het ook die besef van tydsduur
  in hulle harte gegee,
  sonder dat die mens enigsins
  die werk wat God van begin
  tot einde doen, kan peil.
Ek het besef dat daar tussen hulle
  niks beter is nie
  as om vreugde te ervaar
  en die goeie te geniet
  in die lewe –
  ja, elke mens –
  dat hy eet en drink
  en die goeie geniet
  by al sy inspanning.
Dit is ’n gawe van God.
Ek het besef dat alles
  wat God doen,
  vir altyd sal bestaan.
Daaraan kan niks
  toegevoeg word nie,
en daarvan kan niks
  weggeneem word nie.
God het dit gedoen
  sodat hulle ontsag
  vir Hom sal hê.

*Prediker 3:1-14*

**Vir verdere nabetragting:**

- Wat beteken hierdie Skrifgedeelte vir jou in terme van versorging?
- Wat was jou ervaring van "'n tyd om te sterf ... om te huil," of om afskeid te neem? Hoe het jy dit hanteer?
- Is daar dinge waarvan jy jou moet losmaak om aan te beweeg? Wat dink jy is die beste manier om dit te doen?

**Persoonlike aantekeninge:**



14

# Herstel van versorgers

*Ons almal ervaar tye wanneer ons moeg is, maar God belowe ons in sy Woord dat Hy ons nuwe krag sal gee.*

Waarom sê jy dan, Jakob,
en beweer jy, Israel:
"My lewenspad is verborge
vir die HERE,
my reg gaan by my God verby"?
Weet jy dit nie?
Het jy dit nie gehoor nie?
'n Ewige God is die HERE,
Skepper van die eindes
  van die aarde.
Hy word nie moeg nie,
Hy raak nie afgemat nie –
ondeurgrondelik is sy insig.
Dit is Hy wat vermoeides krag gee,
  wat lewenskrag vermeerder
  vir dié wat geen vermoëns het nie.
Jong seuns word moeg
  en raak afgemat;
jong manne struikel en val.
Maar wie op die Here wag,
  herwin hulle krag;
hulle kry nuwe vere soos arende.
Hulle hardloop,
maar raak nie afgemat nie,
hulle loop,
maar word nie moeg nie.

*Jesaja 40:27-31*

**Vir verdere nabetragting:**

- Kan jy aan 'n tyd dink toe jy gevoel het soos die mense van Israel, toe dit gelyk het asof God nie van jou bewus is nie en dat Hy nie omgee wat van jou word nie? Hoe het jy deur daardie tyd gekom?
- In watter aspekte van jou versorging het jy nuwe krag nodig?
- Wat leer ons uit die Skrif oor God se reaksie teenoor diegene wat moeg en uitgeput is?
- Wat moet jy doen om hierdie belofte van herstel vir jou toe te eien?



# 15

# Deursettingsvermoë

*Die Skrif moedig ons aan om aan te hou en nie tou op te gooi nie.*

Daarom, terwyl ons ook so 'n groot wolk getuies rondom ons het, laat ons van elke las ontslae raak, van die sonde wat ons so maklik omring, en die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gerig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, Hy wat ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig gestel is, die kruis verduur het, die skande daarvan gering geag het, en sy plek aan die regterkant van die troon van God ingeneem het. Dink inderdaad aan Hom wat so 'n vyandigheid van die kant van sondaars teen Hom verduur het, sodat julle nie geestelik moeg raak en uitsak nie.

*Hebreërs 12:1-3*

**Vir verdere nabetragting:**

- Die Bybel leer ons "volharding lei tot betroubaarheid, en betroubaarheid tot hoop". Wat beteken dit vir jou in jou versorging van mense?
- Maak 'n lys van die dinge wat jou van jou tyd beroof en waarvan jy ontslae moet raak.
- Hoe help dit jou in jou taak as versorger om jou oë op Jesus gerig te hou?

**Persoonlike aantekeninge:**

# Negatiewe reaksie teenoor jou werk

*Soms word jy gekonfronteer met mense wat nie goedkeur wat jy as versorger doen nie. Die Bybel gee ons riglyne oor hoe ons sulke konfrontasies kan hanteer.*

Verder, wie sal julle sleg behandel as julle julle beywer vir wat goed is? Maar selfs al sou julle ly ter wille van wat reg is, gelukkig is julle. Moenie hulle intimidasie vrees, of ontsteld raak nie. Inteendeel, eerbiedig Christus as Here in julle harte, altyd gereed om julle te verantwoord teenoor elkeen wat van julle rekenskap eis oor die hoop wat in julle leef. Doen dit egter met beskeidenheid en respek, met 'n goeie gewete, sodat, wanneer julle beswadder word, dié wat smalend is oor julle goeie leefwyse in Christus, beskaamd kan staan. Dit is immers beter, as dit God se wil sou wees, dat julle ly omdat julle goed doen, as dat julle ly omdat julle kwaad doen.

*1 Petrus 3:13-17*

**Vir verdere nabetragting:**

- Soms raak ons baie besorg oor wat mense van ons dink. Het jy al hiermee gesukkel? Watter invloed het dit op jou versorgingswerk gehad?
- Het jy al negatiewe reaksies op jou versorgingswerk gehad?
- Hoe kan jy negatiewe reaksies en optrede teenoor jou en jou versorgingswerk hanteer?

**Persoonlike aantekeninge:**



# 17

# Skuld en vergifnis

*Ons maak almal van tyd tot tyd foute. Almal van ons het ook al onregverdige optrede teenoor ons ervaar.*

"Kom tog,
laat ons die saak uitpraat!"
  sê die HERE.
"Al is julle sondes rooi soos karmosyn,
  dit sal wit word soos sneeu;
al is dit rooi soos skarlaken,
  soos wol sal dit word."

*Jesaja 1:18*

Barmhartig en genadig is die HERE,
  geduldig en oorvloedig
  in troue liefde;
Hy beskuldig nie vir ewig nie,
en bly nie vir altyd toornig nie.
Hy behandel ons nie ooreenkomstig
  ons sonde nie
en vergeld ons nie ooreenkomstig
  ons sondeskuld nie;
want so hoog as wat die hemel
  bo die aarde is,
so troon sy troue liefde uit bo dié
  wat vir Hom ontsag het.
So ver as wat die ooste verwyder
  is van die weste,
so ver verwyder Hy ons oortredings
  van ons.

*Psalm 103:8-12*

"En wanneer jy jou offergawe na die altaar bring en daar onthou dat jou broer iets teen jou het, laat jou offergawe net daar by die altaar en gaan versoen jou eers met jou broer, en gaan gee dan jou offergawe."

*Matteus 5:23-24*

As ons sê dat ons aan Hom verbonde is, en tog in die duisternis leef, lieg ons, en leef ons nie volgens die waarheid nie; maar as ons in die lig leef, soos wat Hy in die lig is, is ons aan mekaar verbonde, en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde. As ons sê dat ons nie sonde het nie, mislei ons onsself, en is die waarheid nie in ons nie. As ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, en daarom sal Hy ons ons sondes vergeef en ons van alle kwaad reinig.

*1 Johannes 1:6-9*

Wees goedgesind teenoor mekaar, met innige meelewing, terwyl julle mekaar vergewe, soos God in Christus julle ook vergewe het.

*Efesiërs 4:32*

**Vir verdere nabetragting:**

- Waarom dink jy is vergifnis so 'n belangrike onderwerp in die Bybel?
- Is daar iemand wat jy moet vergewe?
- Is daar iemand vir wie jy om vergifnis moet vra (vir God of ander mense)?
- Moontlik het jy die behoefte om jouself te vergewe vir iets wat jy gedoen het?

**Persoonlike aantekeninge:**



# 18

# Om lyding te aanskou

*As versorger kom jy daagliks met lyding in aanraking: die lyding van diegene wat jy versorg, die hartseer van hul naasbestaandes en selfs jou eie pyn. Ons verstaan nie al die lyding wat ons rondom ons sien nie, en soms voel ons soos Job wat in sy lyding uitroep en probeer verstaan waarom sulke dinge met hom gebeur.*

"Is dwangarbeid nie 'n sterfling
se lot op aarde nie?
Is sy dae nie maar die dae
van 'n dagloner nie?
Soos 'n slaaf smag hy na skaduwee;
soos 'n dagloner wag hy vir sy loon.
So het leë maande my erfdeel geword,
en is nagte van teenspoed aan my toegewys.
As ek gaan lê, dink ek,
Wanneer kan ek opstaan? –
maar die aand sleur voort.
Ek is sat van rusteloos wees,
tot die oggendskemer.
My liggaam is oortrek
van maaiers en 'n kors stof;
my vel het verhard en dit bars oop.
My dae is vinniger as 'n wewersklos –
dit kom tot 'n einde sonder hoop.
Dink daaraan dat my lewe maar 'n asem is;
my oë sal nie weer iets goeds sien nie.
Die oog van die Een wat na my kyk,
sal my nie sien nie.
U oë sal op my gerig wees,
maar ek sal nie daar wees nie.
'n Wolk raak tot niet en gaan weg;
so is iemand wat na die doderyk afdaal –
hy kom nie weer na bo nie.
Hy keer nie weer terug na sy huis nie;

sy plek ken hom nie meer nie.
“Op my beurt sal ek my mond nie hou nie.
Ek wil praat uit die benoudheid van my gees;
ek wil kla uit die bitterheid van my siel!
Is ek die see of ’n seemonster,
dat U ’n wag oor my aanstel?
As ek dink
my slaapbank sal my troos,
my slaapplek sal my klagte help verlig,
dan verskrik U my deur drome,
deur naggesigte ontstel U my,
sodat ek versmoring verkies,
die dood verkies bo hierdie liggaam van my.
Ek gee oor;
ek sal nie vir altyd leef nie.
Laat my met rus,
want my dae is net ’n asemteug!

“Wat is ’n sterfling,
dat U hom so belangrik ag,
dat U aan hom aandag gee,
hom elke môre besoek,
hom elke oomblik toets?
Hoe lank nog gaan U nie
van my af wegkyk nie,
gaan U my nie alleen laat nie –
net tot ek my speeksel ingesluk het?
Het ek gesondig?
Wat het ek U aangedoen,
Bewaker van mense?
Waarom stel U my as ’n teiken vir U op?
Het ek vir U ’n las geword?
Waarom vergewe U nie my oortreding nie,
skeld U nie my sondeskuld kwyt nie?
Want binnekort sal ek in die stof lê;
U sal op die uitkyk wees vir my,
maar ek sal nie daar wees nie.”

*Job 7:1-21*

*Die Woord van God bied ook die hoop op uitkoms. In sy Woord leer Hy ons om lyding op 'n paslike wyse te hanteer.*

Wat sal ons dan hiervan sê? As God vir ons is, wie kan teen ons wees? Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom ter wille van ons almal oorgelewer het – hoe sal Hy nie ook saam met Hom alles aan ons skenk nie? Wie sal die uitverkorenes van God aankla? God is die Een wat vryspreek! Wie sal ons veroordeel? Dit is Christus Jesus wat gesterf het; meer nog – wat opgewek is, wat ook aan die regterhand van God sit en wat ook vir ons intree. Wat sal ons van die liefde van Christus skei? Swaarkry of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard? Soos daar geskryf staan:

"Ter wille van U word ons
die hele tyd aan die dood uitgelewer,
word ons as slagskape beskou."

Maar in dit alles is ons selfs meer as oorwinnaars deur Hom wat sy liefde aan ons bewys het. Ek is immers daarvan oortuig dat nóg dood, nóg lewe, nóg engele, nóg magte, nóg teenswoordige, nóg toekomstige gebeure, nóg kragte, nóg hoogte, nóg diepte, nóg enigiets anders in die skepping, ons sal kan skei van die liefde van God in Christus Jesus, ons Here.

*Romeine 8:31-39*

**Vir verdere nabetragting:**

- Hoe affekteer die aanskouing van soveel lyding jou as versorger? Hoe hanteer jy lyding op 'n deurlopende grondslag?
- Watter hoop kan jy bied aan diegene wat ly? Hoe help dit jou wanneer jy self lyding ervaar?

**Persoonlike aantekeninge:**

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________



19

# Om deur lyding te groei

*Al wil ons dit nie graag hoor nie, is dit so dat 'n mens deur lyding groei ervaar. Die Bybel leer ons ook dat lyding help om karakter te bou.*

Omdat ons dan nou op grond van geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus. Deur Hom het ons in geloof ook toegang verkry tot hierdie genade waarin ons vasstaan, en ons beroem ons op die hoop om deel te kan hê aan die heerlikheid van God. Maar dis nie al nie: Ons beroem ons ook op ons verdrukking, omdat ons weet verdrukking bewerkstellig volharding, en volharding lei tot betroubaarheid, en betroubaarheid tot hoop. En die hoop beskaam nie, want God se liefde is in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

*Romeine 5:1-5*

**Vir verdere nabetragting:**

- Kan jy aan 'n keer dink toe jy deur lyding gevorm is?
- Bevind jy jou tans in 'n situasie waar jy lyding ervaar? Kan jy aan maniere dink waarop jy deur hierdie lyding kan groei?
- Noem maniere waarop die groei wat jy deur lyding ervaar het as 'n inspirasie dien vir ander, en veral vir diegene wat onder jou sorg is.

**Persoonlike aantekeninge:**

# Vreugde en vrede

*Ons lees in die Skrif waar ware vreugde en vrede ervaar kan word.*

*Jesus het gesê:*

"Vrede laat Ek julle na – my vrede gee Ek julle. Ek gee dit nie vir julle soos die wêreld dit gee nie. Laat julle harte nie ontsteld en bang wees nie."

*Johannes 14:27*

Verbly julle altyd in die Here! Ek herhaal: Verbly julle! Laat julle vriendelikheid aan alle mense bekend word. Die Here is naby. Moet oor niks bekommerd wees nie, maar maak in alles julle versoeke deur gebed en smeking met danksegging aan God bekend. En die vrede van God, wat alle begrip oortref, sal in Christus Jesus oor julle harte en gedagtes waak.

*Filippense 4:4-7*

**Vir verdere nabetragting:**

- Wat is volgens jou die waarde van vrede en vreugde in die lewe van 'n versorger?
- Is daar enige veranderings wat jy moet maak om jou lewe in ooreenstemming te bring met die leer van hierdie Skrifgedeeltes?
- Kan jy aan 'n voorbeeld dink waar die vrede en vreugde wat van God kom jou in jou versorgingswerk gehelp het?

**Persoonlike aantekeninge:**

# Gebed

*Gebed word beskryf as die asem van die Christelike lewe. Die Bybel plaas besondere klem op gebed.*

*Jesus het gesê:*

"En wanneer julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie, want hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en bid, sodat hulle deur die mense gesien kan word. Amen, Ek sê vir julle: Hulle het reeds hulle volle beloning ontvang. Maar jy, wanneer jy bid, gaan na jou binneste kamer, maak jou deur toe en bid tot jou Vader wat in die verborgenheid is, en jou Vader wat in die verborgenheid sien, sal jou beloon.

"Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed woorde gebruik nie, want hulle dink dat hulle op grond van hulle baie woorde verhoor sal word. Moenie soos hulle wees nie, want julle Vader weet wat julle nodig het nog voordat julle Hom vra.

"Só moet julle dan bid:

"Ons Vader wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word.
Laat u koninkryk kom.
Laat u wil geskied,
  soos in die hemel, so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood.
En vergeef ons ons skulde,
  soos ook ons hulle vergeef
  wat teenoor ons skuldig staan.
En bring ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose.
Want aan U behoort die koninkryk
  en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

"Want as julle die mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie."

*Matteus 6:5-15*

Heel eerste versoek ek dat smekinge, gebede, voorbidding en dankgebede vir alle mense gedoen word.

*1 Timoteus 2:1*

So kom die Gees ons ook in ons swakheid tot hulp, want ons weet nie mooi waarvoor ons behoort te bid nie; maar die Gees tree self vir ons in met versugtinge wat nie verwoord kan word nie. Hy wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, dat Hy volgens die wil van God vir die heiliges intree. Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir hulle wat Hom liefhet.

*Romeine 8:26-28a*

**Vir verdere nabetraging:**

- Noem maniere waarop die modelgebed wat Jesus ons geleer het van betekenis is vir versorgers.
- Watter rol speel gebed tans in jou versorgingswerk? Watter rol dink jy behoort dit te speel?
- Het jy al ooit die ondervinding gehad dat jy nie geweet het waarvoor jy moet bid nie, en dat die Gees jou te hulp gekom het in jou gebed “met versugtinge wat nie verwoord kan word nie”?
- Is daar iets wat jy op die oomblik het om aan God in gebed op te dra?

**Persoonlike aantekeninge:**

# Getrouheid

*Een van die belangrikste eienskappe van 'n versorger is getrouheid: getrouheid aan God sowel as aan ander. Lees hoe Paulus Timoteus aanmoedig om getrou te bly.*

Streef eerder na geregtigheid,
godvresendheid, betroubaarheid,
liefde, volharding, sagmoedigheid.
Stry die goeie stryd van die geloof;
gryp die ewige lewe aan,
waartoe jy geroep is
en waarvan jy die goeie belydenis
voor baie getuies afgelê het.

Ek beveel jou voor God, wat aan alles lewe gee, en Christus Jesus, wat die goeie belydenis voor Pontius Pilatus gelewer het, dat jy die opdrag suiwer en onberispelik sal uitvoer, tot die verskyning van ons Here Jesus Christus.

*1 Timoteus 6:11b-14*

**Vir verdere nabetragting:**

- Hoekom dink jy is getrouheid so belangrik vir 'n versorger?
- Watter effek kan ontrouheid aan God op jou werk as versorger hê? En wat van ontrouheid teenoor ander?
- Hoe kan jy seker maak dat jy getrou bly aan jou roeping as versorger?

**Persoonlike aantekeninge:**

23

# Wysheid

*Versorgers kom dikwels voor moeilike situasies en keuses te staan waar wysheid van die uiterste belang is.*

Die begin van wysheid
is ontsag vir die HERE,
en kennis van die Heilige is insig.

*Spreuke 9:10*

Vertrou op die HERE
met jou hele hart –
op jou eie insig
moet jy nie staatmaak nie.
Ken Hom in al jou weë,
en Hy sal jou paaie reguit maak.

Moenie wys wees in jou eie oë nie.
Jy moet ontsag hê vir die HERE,
bly weg van die kwaad.
Genesing sal dit bring
vir jou liggaam
en verkwikking vir jou gebeente.

*Spreuke 3:5-8*

Beskou dit as ’n groot vreugde, my broers, wanneer allerhande versoekings julle oorval, omdat julle weet dat, as julle geloof getoets word, dit volharding meebring. Maar julle volharding moet tot volledige ontwikkeling kom, sodat julle volmaak en sonder gebrek kan wees, en in geen opsig tekort skiet nie.

As enigiemand van julle wysheid kortkom, laat hy dit vra van God, wat aan almal gee, sonder voorbehoud en sonder verwyt, en dit sal aan hom gegee word. Maar hy moet in die geloof vra, sonder om enigsins te twyfel, want wie twyfel, is soos ’n golf van die see wat deur die wind rondgeruk en voortgesleep word. Want so ’n mens moenie dink dat hy enigiets van die Here sal ontvang nie. Hy is ’n dubbelhartige mens, onstandvastig in alles wat hy doen.

*Jakobus 1:2-8*

**Vir verdere nabetragting:**

- Sou jy saamstem met die stelling hierbo dat versorgers dikwels voor moeilike situasies en keuses te staan kom?
- Waar begin wysheid, volgens die Skrif?
- Kan jy aan 'n geleentheid dink waar jy wysheid en onderskeidingsvermoë nodig gehad het en jy dit van God ontvang het? Beskryf jou ervaring.

**Persoonlike aantekeninge:**

# 24

# Veilig in God se teenwoordigheid

*In hierdie lewe kan gevaar en tragedie 'n mens enige tyd sonder waarskuwing tref. Daarom is dit so gerusstellend om in die Bybel te lees van God se beskerming.*

Hy wat in die beskutting
  van die Allerhoogste woon,
  sal oornag in die skaduwee
  van die Almagtige.
Ek sê vir die HERE:
  "My skuilplek, my bergskuiling,
  my God op wie ek vertrou!"
Ja, Hy is die Een wat jou red
  uit die net van die voëlvanger,
  van die dodelike pessiekte.
Met sy vlerke sal Hy jou bedek,
onder sy vleuels sal jy skuiling vind.
'n Skild en 'n skans is sy trou.

Jy sal nie bang wees
  vir die verskrikking van die nag,
  vir 'n pyl wat oordag vlieg nie,
  vir 'n pessiekte
  wat in die donker rondloop,
  vir die epidemie
  wat helder oordag verwoes nie.
Daar kan duisend langs jou val,
  en tienduisend aan jou regterkant,
naby jou sal dit nie kom nie.
Jy sal maar net toekyk –
die vergelding van goddeloses
  sal jy sien.

Ja, U, HERE, is my skuilplek.
Die Allerhoogste het jy
  jou woning gemaak:

Onheil sal jou nie oorval nie
en ’n plaag sal nie naby jou tent
  kom nie,
want Hy sal sy engele
  oor jou opdrag gee
  om jou te beskerm op al jou paaie.
Op die hande sal hulle jou dra,
  sodat jou voet nie teen ’n klip
  stamp nie.
Op leeus en horingslange sal jy trap,
jong leeus en slange sal jy vertrap.

“Omdat hy My liefhet,
  sal Ek hom bevry;
Ek sal hom beskerm
  omdat hy my Naam ken.
Hy sal My aanroep,
  en Ek sal hom antwoord.
Ek sal by hom wees in nood;
Ek sal hom red en aan hom eer gee.
Met ’n lang lewe sal Ek hom versadig;
Ek sal hom my verlossing laat ervaar.”

*Psalm 91*

**Vir verdere nabetragting:**

- As ’n versorger, ervaar jy soms die behoefte aan beskerming in jou werk? Indien wel, waarteen verlang jy beskerming?
- Is daar in hierdie Skrifgedeelte enige voorwaardes aan God se beskerming verbonde? Is daar van hulle wat jy in jou lewe moet inbou?
- Kan jy aan ’n situasie of situasies dink waar jy in die verlede God se beskerming ervaar het?
- Hoe kan sulke ervarings en die waarhede van Psalm 91 jou in jou huidige situasie tot hulp wees?

**25**

# Uitnodiging om by God tot rus te kom

*Om 'n versorger te wees, vra ontsettend baie van 'n mens; daarom is dit belangrik om te kan rus. Jesus nooi ons uit om rus by Hom te vind.*

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle, en leer van My, omdat Ek sagmoedig en nederig van hart is, en julle sal rus vind vir julle gemoed. Want my juk is draaglik en my las is lig."

*Matteus 11:28-30*

Net by God vind ek rus;
van Hom kom my verlossing.
Net Hy is my rots, my verlossing,
  my toevlugsoord;
ek sal beslis nie wankel nie.

Hoe lank nog gaan julle
  'n man bly aanval,
vermoor julle almal hom –
  asof hy 'n muur is wat oorhel,
  'n tuinmuur wat omgestoot word?
Ja, hulle beplan om hom
  af te stoot van sy hoë plek,
hulle hou van leuens.
Met die mond seën hulle,
maar in hulle binneste vloek hulle. *Sela*

Vind rus by God alleen, my siel,
want op Hom is my hoop gevestig.
Net Hy is my rots, my verlossing,
  my toevlugsoord.
Ek sal nie wankel nie.
By God lê my verlossing, my eer.
My sterk rots, my skuilplek,
  vind ek in God.

Vertrou te alle tye op Hom, o volk,
stort julle hart voor Hom uit.
God is vir ons 'n skuilplek. *Sela*

*Psalm 62:2-9*

**Vir verdere nabetragting:**

- Hoe verstaan jy die rus wat Jesus aan diegene bied wat na Hom toe kom?
- Kan jy aan praktiese maniere dink waarop jy rus by Jesus kan vind? Is daar dalk enige laste wat jy voor Hom kan lê?
- Kan jy 'n besluit neem om rustig op God te wag? Is daar dinge wat dit moeilik maak om rustig op Hom te wag?

**Persoonlike aantekeninge:**



# 26

# Gedagtes

*Die manier waarop 'n persoon dink, beïnvloed noodwendig sy of haar woorde en optrede, daarom maan die Woord van God ons om te waak oor ons gedagtes.*

Julle moenie aan hierdie wêreld gelykvormig wees nie, maar verander word deur die vernuwing van julle denke, sodat julle goed kan onderskei wat die goeie en aanneemlike en volmaakte wil van God is.

*Romeine 12:2*

Verder, broers,
alles wat waar is,
alles wat eerbaar is,
alles wat reg is,
alles wat rein is,
alles wat lieflik is,
alles wat lof verdien,
ja, watter deug of watter prysenswaardige saak daar ook mag wees: rig julle gedagtes daarop.

*Filippense 4:8*

**Vir verdere nabetragting:**

- Hoe kan jy God toelaat om jou gedagtes te verander?
- Kan jy aan praktiese maniere dink om jou gedagtes te fokus op "alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat lof verdien"?

**Persoonlike aantekeninge:**

# Handves vir versorgers

*Die volgende Skrifgedeelte kan as 'n handves vir versorgers beskou word.*

Daarom, omdat julle God se uitverkore heiliges en geliefdes is, beklee julleself met innige meelewing, goedheid, nederigheid, sagmoedigheid en geduld. Verdra mekaar en, as enigiemand 'n klagte teen iemand anders het, vergewe mekaar. Soos die Here julle vergewe het, so moet julle ook vergewe. Maar beklee julle, bo en behalwe al hierdie dinge, met die liefde, wat die band is wat alles volmaak saambind. Verder, laat die vrede van Christus in julle harte regeer. As lede van een liggaam, is julle juis daartoe geroep. En wees dankbaar. Laat die woord van Christus in sy volle rykdom in julle woon. Leer en vermaan mekaar, in alle wysheid, deur met dankbare harte psalms, lofgesange en geestelike liedere tot eer van God te sing. En wat julle ook al doen, in woord of daad, doen alles in die Naam van die Here Jesus, terwyl julle God die Vader deur Hom dank.

*Kolossense 3:12-17*

**Vir verdere nabetragting:**

- Sou jy saamstem dat hierdie gedeelte as 'n handves vir versorgers beskou kan word? Verduidelik.
- Wat is volgens hierdie gedeelte die belangrikste van alles? Waarom is dit belangriker as enigiets anders?
- Watter uitwerking sal dit op jou lewe en versorgingswerk hê as jy volgens hierdie beginsels leef?

**Persoonlike aantekeninge:**

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

28

# Gebed vir versorgers

*Die volgende gebed van die apostel Paulus vir die Christene van Efese is baie toepaslik vir versorgers:*

Om hierdie rede, omdat ek gehoor het van julle geloof in die Here Jesus en julle liefde vir al die heiliges, hou ek nie op om God oor julle te dank wanneer ek in my gebede aan julle dink nie. Dan bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, vir julle dit sal gee: geestelike wysheid en openbaring, wat in die kennis van Hom bestaan, en dat die oë van julle harte verlig mag wees, sodat julle kan insien

wat die hoop is wat sy roeping bied,
wat die heerlike rykdom van sy erfenis vir die heiliges behels,
wat die onvergelykbare grootheid van sy mag is,
vir ons wat glo ooreenkomstig die werking van sy groot krag,
wat Hy uitgeoefen het in Christus,
toe Hy Hom uit die dood opgewek het,
en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele,
bo elke owerheid en gesag en mag en heerser,
ja, bo enige naam wat genoem kan word,
nie alleen in hierdie bedeling nie,
maar ook in die toekomstige.
Hy het alles onder sy voete gestel,
en Hom aan die kerk gegee,
as Hoof oor alles,
die kerk wat sy liggaam is,
die volheid van Hom
wat alles in almal vul.

*Efesiërs 1:15-23*

**Vir verdere nabetragting:**

- Watter gebedsversoeke wat in hierdie gedeelte genoem word, is van toepassing op die omstandighede waarin versorgers hulle bevind?
- Vra iemand om elke dag vir jou te bid met hierdie gebed as riglyn.

# Liefde bo alles

*Een van die belangrikste onderwerpe in die Nuwe Testament is die liefde. Aangesien versorgingswerk ’n oormaat liefde vereis, is dit belangrik om te let op wat die Woord van God hieroor sê.*

Al praat ek die tale
  van mense en engele,
maar ek het nie liefde nie,
  dan het ek ’n weergalmende ghong
  of ’n kletterende simbaal geword.
En al profeteer ek,
en begryp ek alle geheime,
en besit ek alle kennis,
en al het ek al die geloof
  om berge te versit,
maar ek het nie liefde nie,
  is ek niks!
Al deel ek al my besittings uit,
en gee ek my liggaam oor,
  sodat ek my daarop kan beroem,
maar ek het nie liefde nie,
  baat dit my niks.

Liefde bly geduldig,
liefde gee om,
liefde is nie jaloers nie,
spog nie,
en is nie verwaand nie.
Liefde tree nie onbehoorlik op nie,
jaag nie eiebelang na nie,
is nie liggeraak nie.
Dit hou nie boek van die kwaad nie,
is nie bly oor onreg nie,
maar is saam bly oor die waarheid.
Dit bedek alles,
glo alles,
hoop alles,
verduur alles.

Liefde faal nooit nie.
Maar profesieë,
  dit sal tot 'n einde kom;
of tale, dit sal ophou;
of kennis, dit sal tot niet gaan.
Want ons ken gedeeltelik,
en ons profeteer gedeeltelik,
maar wanneer die volmaakte gekom het,
  sal wat gedeeltelik is, ophou bestaan.
Toe ek nog 'n kind was,
  het ek gepraat soos 'n kind,
  gedink soos 'n kind,
  geredeneer soos 'n kind.
Noudat ek volwasse is,
  het ek die dinge van 'n kind agtergelaat.
Nou sien ons wel 'n geheimnisvolle beeld,
  soos in 'n spieël,
maar eendag van aangesig tot aangesig.
Nou ken ek slegs gedeeltelik,
maar eendag sal ek ten volle ken,
  soos ek ten volle geken is.

En nou bly geloof, hoop en liefde,
  hierdie drie –
maar die grootste hiervan is die liefde.

*1 Korinthiërs 13*

**Vir verdere nabetragting:**

- Hoekom dink jy speel die liefde so 'n sentrale rol in die Bybel?
- Noem verskillende maniere waarop hierdie beskrywing van die liefde verskil van die opvatting wat die samelewing oor die liefde het. Op watter manier is jou begrip hiervan belangrik in jou versorgingswerk?
- Watter aspekte van die liefde moet voorrang geniet in jou versorgingswerk? Kan jy aan praktiese maniere dink om dit toe te pas?

# Blik op die ewigheid

*Die hoop wat die Woord van God ons bied, verskil van enige ander hoop omdat dit ewig is. As versorgers moet ons ons werk in 'n ewigheidslig sien om die ware betekenis daarvan te begryp.*

Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien, want die eerste hemel en die eerste aarde het tot niet gegaan, en die see bestaan nie meer nie. En ek het die heilige stad, die Nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel sien neerdaal. Sy is gereedgemaak, soos 'n bruid wat versier is vir haar man. Ek het toe 'n harde stem van die troon af hoor sê:

“Kyk, God se woonplek is by die mense.
En Hy sal by hulle woon;
hulle sal sy volke wees,
en God self sal by hulle wees as hulle God.
Hy sal elke traan uit hulle oë afdroog.
En die dood sal nie meer daar wees nie;
ook nie rou of 'n gehuil of pyn
sal meer bestaan nie;
want die eerste dinge het verbygegaan.”

Hy wat op die troon sit, het gesê: “Kyk, Ek maak alles nuut.” En Hy het ook gesê: “Skryf neer dat hierdie woorde betroubaar en waar is.” Verder het Hy vir my gesê: “Dit is afgehandel! Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Dié wat dors is, sal Ek laat drink uit die fontein van lewegewende water – verniet! Wie oorwin, sal hierdie dinge beërf, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees.”

*Openbaring 21:1-7*

**Vir verdere nabetragting:**

- Wat beteken jou versorgingswerk vir jou in die lig van 'n ewigheidsvisie? Afgesien van die onmiddellike voordeel wat dit inhou vir dié wat ly, wat bied jou sorg in terme van die ewigheid?



- Watter hoop bied hierdie gedeelte aan versorgers sowel as aan dié wat versorg word?
- Kan jy aan praktiese maniere dink om hierdie hoop ’n groter werklikheid te maak vir diegene wat in jou sorg is?

**Persoonlike aantekeninge**